

## Ontmoeting 1:

# JESUS IS GEBORE

Jes 9:5 en Luk 1:35

### Die les fokus op die Name van Jesus.

#### Hulpmiddels

Groot papier met die woorde van "Jesus groot bo almal"

Groot papier met die Name vir Jesus soos genoem in Jes 9:5 en Luk 1:35

Maak afdrukke van die boekmerk vir elke kind.



## WELKOM

### Kenmekaar speletjies/Naamspeletjies:

Jeuk-speletjie:

1. Kinders sit in 'n kring. Die eerste kind sê sy naam en hy wys waar hy jeuk. Die 2de kind sê die 1ste kind se naam en wys waar hy gejeuk het. Daarna sê hy sy eie naam en wys waar hy jeuk. Die 3de kind sê die 1ste kind se naam en wys waar hy gejeuk het, dan die 2de kind se naam en wys waar hy gejeuk het en dan sy eie naam en hy wys waar hy jeuk. So gaan ons in die rondte totdat almal 'n beurt gekry het. Die groep kan mekaar help as iemand nie almal kan onthou nie.
2. Weet jy wat die betekenis van jou naam is? Indien jy toegang tot die internet of 'n name boek het, kan jy die betekenis van die kinders in jou groep se name opsoek en vir hulle gee.



## WYDING

**Stilword ritueel:** Kom ons sit elkeen rustig met ons hande voor ons om lug te 'vang' en in te asem. (Hou jou twee hande skouer breedte van mekaar voor jou, maak jou hande bak en bring gelyk na mekaar en na jou mond terwyl jy diep inasem). Ons doen dit saam 3 keer en onthou dat God se Gees soos asem binne ons is.

**Leer temalled:** "Jesus be the centre"  
(<http://www.youtube.com/watch?v=EG-l1kK-BpU>)

**Liedjies:** "Die Here ken jou naam" (Soekie en die Radicool Radikids vir Jesus, Snit 2)  
"Jesus, groot bo almal"

Skryf die woorde van "Jesus, groot bo almal" op 'n plek waar die kinders dit kan sien en onderstreep elke Naam vir Jesus.

Hoeveel name is daar vir Jesus in die lied? (8 of 9)

**Gebedstyd:** Kies 'n naam van Jesus wat vir jou nou belangrik is en praat met Hom daarvoor.



## WOORD

Ons het die afgelope vakansie Kersfees gevier. Tydens Kersfees vier ons Jesus se geboortedag – dit is Sy verjaarsdag! Wanneer 'n baba gebore word, moet Hy 'n naam kry. Jesus se naam was baie spesiaal. 'n Engel het vir Josef en Maria kom sê wat Sy naam moet wees. Sy Naam moes iets vertel van wie

Hy is. Sy Naam het gewys dat Hy 'n baie belangrike persoon sou wees.

Lees Jes 9:5 en Luk 1: 35. (Plaas die name op papier waar die kinders dit kan sien.)

### Laat die kinders dink oor die name:

Ek wonder van watter naam van Jesus hou jy die meeste.

Ek wonder hoe jy sal voel as een van hierdie name jou naam was.



## WERSKAF

Kaartjie met teks

Papier en kryte

### Opruim en seëngroet:

Leier: "Mag die Here met jou wees hierdie week waar jy ookal gaan."

Kinders: "En met jou ook."

Leier: "Mag jy hierdie week in Jesus se voetspore stap."

Kinders: "Stap, stap, stap."

Liewe \_\_\_\_\_



Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne! (Jes 43:1)

Ek is jou

Ek is jou

Ek is jou

Ek is jou

(Jes 9:5)